Algemene Diensgroep Gemeenteontwikkeling (ADGO)

Lidmate vra na insig en wysheid

Lidmate wil graag hulle lewe so lei dat hulle sin en betekenis ervaar. Ons wil beleef dat wat ek doen, God se liefde en genade uitbeeld en dat ek deel van God se plan op aarde is. Ons geloofsreis raak elke terrein van ons leefwêreld. God se Woord moet ons juis leer hoe om elke dag se gebeure en belewenisse te interpreteer. God se saamreis is nodig in die komplekse wêreld.

RINEL HUGO

Lidmate dink baie na oor die sin en betekenis van die lewe. Ons leef in 'n "global village" waar almal toegang tot inligting het, maar ook in 'n wêreld wat elke dag meer kompleks word. Lidmate maak daagliks keuses en beleef elke dag ervarings en wonder oor die rol wat God hierin speel.

Kinders word gebore, mense raak verlief, jy verloor of begin 'n nuwe werk. Mense sterf en jy worstel hiermee. Jy sien 'n pragtige natuurtoneel wat iets in jou wakker maak, hoor van oorloë, beleef natuurrampe, wêreldwye ekonomiese krisisse en leef met klimaatveranderinge.

Hoe leef ek as gelowige my geloof in so 'n komplekse en deurmekaar wêreld uit? Waar kry ek antwoorde op my vrae?

Die soeke na sin gaan voort en elke nuwe geslag deel die universele bekommernis oor lewe en die behoud van die "goeie".

Dit is in hierdie wêreld waar die vraag ontstaan watter tipe begeleiding en bemagtiging lidmate nodig het.

Lidmate is die lede van die gemeente wat deur God geroep word om buite die mure van die kerk te werk. "In unison they might say: We write the laws of our lands and invent new technologies to serve humanity."

Ons werk in laboratoriums, kloon diere en doen afmetings op Mars. Ons voed kinders op en gee onderrig. Lidmate werk in ondernemings, die regering, hospitale en gesondheidsorginrigtings. Ons bou paaie en huise. Ons is betrokke in die maak van films en TV-produksies. Hier probeer gelowiges hulle geloof daagliks uitleef. Lidmate het insig en wysheid rondom geloofskwessies nodig om te kan onderskei wat God se wil en droom vir ons lewe is.

Alhoewel lidmate nie opgeleide teoloë is nie, "doen" of "leef" ons elke dag teologie. Dit beteken om in die werks- en leefwêreld my geloof prakties uit te leef. Ons geloof moet ons help om die feite en teorie met daaglikse ervarings in balans te bring. Elke belewenis of kontak met iemand het betekenis en beïnvloed my geloofsreis. Vanaf die vroegste tye het God met mense in hulle leefwêreld gepraat en kontak gemaak sonder dat hulle dit eers volledig verstaan het.

Foto: iStockphoto

Gewone lidmate van alle kulture en ouderdomme soek sin en betekenis in die lewe. Gemeentes sal op meer kreatiewe wyses gesprekke hieroor moet begin voer. Mense vra: "Wat is hierdie diep verlange in my ten spyte van sukses in my werk? Wat is God se plan vir my? Wanneer weet ek God praat met my?" Hoe bring ons tegnologiese en wetenskaplike perspektiewe in lyn met geloof wanneer ek keuses moet maak? Watter besluite neem ek as gelowige in my alledaagse lewe? Hoe laat ek mense in die goedheid van God glo, ten spyte van rampe en armoede?

Selfs bejaardes vra vrae wanneer hulle keuses in die aftreetyd maak. Hoe vestig ek nuwe verhoudings met kinders en kleinkinders, hoe maak ek seker van 'n betekenisvolle aftrede, of hoe gebruik ek my tyd as ek nog sterk en gesond is? Dit beïnvloed ook kinders se vrae oor hoe maak ek keuses vir 'n bejaarde ouer.

In baie gevalle dink ons nog dat ons na ons geloofsbelydenis klaar is met opleiding. Elke lidmaat moet betrokke wees in volwasse-opleiding of gesprekgroepe waar ons nooit ophou leer nie.

Die lys van behoeftes en moontlikhede vir begeleiding van lidmate is oneindig. Die uitdaging vir die kerk is om soveel lidmate as moontlik te bemagtig vir bediening ("ministry") in hulle eie lewe en in die wêreld buite die kerkmure, waar ons 'n verskil wil maak.

Hier is 'n paar moontlikhede:

*Skep 'n ruimte waar lidmate teologies begelei word in gesprekke of kursusse (selfs saam met predikante) waar aanbieders die materiaal op werklike lewensituasies ("real life") toepas. Vrae soos: Hoe onderskei ek God se wil? Hoe leef ek soos God van my vra met 'n ongelowige as werkgewer?

*Begin met groepe waar mense uit dieselfde professie of belangegroep (byvoorbeeld tienerouers, ouers met klein kindertjies) saam nadink en gesprek voer oor die aktuele sake waarmee hulle in die werk of op die markplein te doene het. Gebruik die kleingroepbenadering om inligting deur te gee, ondersteuning te bied en die groep aan mekaar te verbind. Kleiner gemeentes kan gemengde groepe saamstel.

*Brei die groepe in die eerste twee punte uit deur op die internet gesprek te voer. Die internet bied wonderlike geleenthede vir gesprekke en teologiese nadenke. Etiese en morele sake in die werkplek kan dadelik met betroubare vriende bespreek word. 'n Kombinasie van internet- en direkte kontak sal die meeste mense pas. Daaroor kan die groep self besluit.

*Lidmate wil graag hulle lewe so lei dat hulle sinvol en betekenisvol leef. Ons wil beleef dat wat ek doen, God se liefde en genade uitbeeld en dat ek deel van God se plan op aarde is. Ons geloofsreis raak elke terrein van ons leefwêreld aan. God se Woord moet ons juis leer hoe om elke dag se gebeure en belewenisse te interpreteer. God se saamreis is nodig in so 'n komplekse wêreld.

Waarom het lidmate begeleiding en bemagtiging nodig? Natuurlik vir die lewe!

► *Rinel Hugo is skriba van ADGO.*

(Die artikel is 'n opsomming van Sally Simmel se artikel vanaf die Alban Institute, "Why would laypeople want theological education, anyway?")